Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

# Wat voornemende studente oor studentehuisvesting by die Universiteit Stellenbosch moet weet

## Studente-inname 2026


1. Wat moet ek weet voordat ek om koshuisplek by die Universiteit Stellenbosch aansoek doen?
2. Hoe en wanneer doen ek aansoek om koshuisplek?
3. Wat as ek op Tygerberg-kampus studeer?
4. Aan watter kriteria moet ek voldoen om vir koshuisplasing in aanmerking te kom?
5. Hoe werk die koshuisplasingsproses?
6. Wanneer sal ek weet of ek koshuisplek het?
7. Wat is my opsies as ek nié koshuisplek kry nie?
8. Hoe kan ek privaat verblyf kry?
9. Hoe werk die waglys?
10. Wat moet ek doen om my koshuisplek te kanselleer?
11. Waar kan ek meer uitvind?


## 1. Wat moet ek weet voordat ek om koshuisplek by die Universiteit Stellenbosch aansoek doen?

a. Raadpleeg asseblief die **Koshuisplasingsbeleid en -riglyne** vir 'n volledige stel reëls en riglyne oor studentehuisvesting by die Universiteit Stellenbosch.

b. **Huisvesting vorm nie deel van jou akademiese aanbod nie**. Dit is belangrik om te onthou dat dit jou verantwoordelikheid is om op jou eie onkoste verblyf te kry voordat jy op kampus opdaag en registreer. Gaan na www.maties.com vir verdere inligting oor koshuis- en privaat geakkrediteerde huisvesting.

c. Aangesien plek in studentehuisvesting beperk is, kan geen plasing gewaarborg word nie. Alle toekennings bly onderworpe aan die bepalings van die Universiteit se plasingsbeleid. Daarom is dit **nie gewaarborg** dat enige aansoeker geplaas sal word in die koshuis van hulle keuse óf in enige ander koshuis nie.

d. Nadat jy tot jou program toegelaat is, en geregistreer het, word jy 'n student. Die volgende studente kom **nie in aanmerking vir koshuisplasing nie**:

i. Studente wat voltyds werk en 'n vaste inkomste verdien.
ii. Studente wat by die Universiteit geregistreer is vir vakke of modules wat nie tot 'n US-kwalifikasie lei nie, soos diegene wat as geleentheid- (spesiale) studente geregistreer is. Kortkursusstudente sowel as studente wat tot die SciMathUS- of 'n soortgelyke program toegelaat word, kan dus nie in 'n Universiteitskoshuis bly nie. Studente wat tot BAgric (Elsenburg), enige program by die Bestuurskool (Bellvilleparkkampus) of enige afstandsleerprogram toegelaat word, is ook uitgesluit.
iii. Studente wat 'n voltydse program volg, maar slegs kort lesingreekse bywoon,byvoorbeeld studente wat slegs vir 'n sekere getal blokweke per jaar op kampus moet wees.
iv. Hierdie reëls is ook van toepassing op studente wat leiersampte in die koshuis beklee.
v. As die stelsel aandui dat 'n student nie vir plasing in aanmerking kom nie, en die student is verkeerdelik by 'n koshuis ingedeel en/of ingeneem, sal die student se plasing gekanselleer word. Die student sal hiervan in kennis gestel word, en moet die koshuis binne twee dae (48 uur) na sodanige kennisgewing verlaat.

e. G**een oorplasings** tussen koshuise word toegelaat nie.

f. Indien jy jou koshuisplek wil kanselleer, stuur 'n e-pos na rescancellations@sun.ac.za.

## 2. Hoe en wanneer doen ek aansoek om koshuisplek?

a. Koshuisaansoeke vorm nie deel van die algemene aansoek om toelating tot die US nie. Doen aanlyn aansoek by https://student.sun.ac.za/applicant-portal/#/auth/login.

b. Koshuisaansoeke sluit op 31 Julie van die aansoekjaar. Laat aansoeke sal nie oorweeg word nie.

## 3. Wat as ek op Tygerberg-kampus studeer?

a. Let asseblief daarop dat MBChB-, Dieetkunde-, Verpleegkunde- en Fisioterapiestudente (wat laat keurings aan die begin van die akademiese jaar insluit) nie in Universiteitshuisvesting op Stellenbosch-kampus mag tuisgaan nie omdat hierdie programme vanaf die eerste studiejaar reeds op Tygerberg-kampus aangebied word.

b. Indien jy 'n koshuisplek op Stellenbosch-kampus ontvang het op grond van keuring vir 'n ander program, beteken dít nie jou koshuisplek op Tygerberg-kampus is gewaarborg nie.

c. Studente wat gekeur word vir Arbeidsterapie (in hulle eerste jaar) en Spraak-,Taal-, en Gehoorterapie (in hulle eerste en tweede jaar) sal nie op Tygerberg-kampus gehuisves word nie. Hulle kan om koshuisplasing op Stellenbosch-kampus aansoek doen omdat hierdie programme in onderskeidelik die eerste jaar en die eerste en tweede jaar op Stellenbosch-kampus aangebied word.

d. Dit is aansoekers se verantwoordelikheid om privaatverblyf te kry indien hulle nie koshuisplasing op Tygerberg-kampus ontvang nie.

## 4. Aan watter kriteria moet ek voldoen om vir koshuisplasing in aanmerking te kom?

a. **Toelatingstatus**: Studente moes hetsy 'n voorwaardelike of finale toelatingsaanbod vir 'n US-program ontvang het.

b. **Ouderdom**: Studente wat 21 jaar en jonger is (in die jaar wat hulle in die koshuis sal woon), word vir plasing in 'n junior koshuis oorweeg.

c. **Akademiese prestasie**: Rangskikking op grond van akademie word deur die hele proses gebruik.

d. **Ras**: Om vorige ongelykhede reg te stel en sosiale samehang te bou, word ras (bruin, swart Afrikaan, Indiër of Asiër) in hierdie kategorie oorweeg.

e. **Sosio-ekonomiese status (SES)**: In hierdie kategorie word daar voorrang gegee aan:
   i. aansoekers met 'n hoë SES-telling, volgens wat in die aansoekstadium bereken is;[1] en
   ii. aansoekers wat 'n beurs ontvang op grond van finansiële behoefte, soos die Nasionale Finansiëlehulpskema vir Studente (NSFAS).[2]
   Ander faktore wat in hierdie kategorie oorweeg kan word, sluit in:
   iii. keuring vir 'n verlengde kurrikulumprogram op grond van tekorte in die skoolstelsel; en
   iv. afstand vanaf die kampus, waar sodanige afstand 'n hindernis vir toegang skep.[3]

f. **Nasionaliteit**: Internasionale aansoekers word oorweeg om diversiteit te verseker.

g. **Gestremdheid**: Waar dit gepas is, sal studente met gestremdhede in oorleg met die Eenheid vir Gestremdhede vir plasing in studentehuisvesting, oorweeg word.

h. **Spesiale plasings**: Spesiale plasings vorm deel van die totale getal plasings per jaar. Spesiale plasings is nie 'n afsonderlike groep vir wie bykomende voorsiening gemaak word nie. Die volgende spesiale plasings is van toepassing en kan na gelang van behoefte deur die US-bestuur gewysig word:

i. Bloemhof-beurstrustplasings, volgens ooreenkoms met die Universiteit: Ingevolge die ooreenkoms tussen die trust en die US word 45 koshuisplasings (gewoonlik 40 vroue en 5 mans) tans opsygesit vir eerstejaarstudente wat deur die trust benoem word. Die name van die benoemde kandidate moet die Studente-Akkommodasie Kantoor teen die ooreengekome datums bereik.

1 Raadpleeg die Toelatingsbeleid vir vollediger inligting oor die berekening van die SES-telling.
2 'n Aansoeker se beursstatus is nog nie in die aansoek- en koshuisplasingsfase bekend nie. Daarom kan beursstatus eers oorweeg word as die inligting beskikbaaris.
3 Afstand opsigself is nie 'n hindernis vir toegang indien die middele om te reis en verblyf te bekom beskikbaar is nie. In dié verband word afstand teen die agtergrond van die aansoeker se sosio-ekonomiese status beskou. Dit is ook belangrik om daarop te let dat die US in 'n gebied met beperkte toeganklike openbare vervoer, geleë is. Daarom kan aansoekers wat binne 'n omtrek van 30 km van die Universiteit af woon (NSFAS-kriterium), ook afstand as 'n hindernis ervaar.

   ii. Sportplasings: Die ooreengekome 70 plekke (gewoonlik 35 vroue en 35 mans), word gereserveer vir top-atlete. Maties Sport nomineer kandidate vir plasing teen 'n

ooreengekome datum. Plasings geskied ooreenkomstig Maties Sport se Werwings- en Behoudplan, sowel as hulle Transformasieplan.

iii. Krygskundestudente: Offisiere wat deur die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (SANW) gekeur word en vir voltydse programme op Stellenbosch-kampus ingeskryf is, kan in geskikte Universiteitshuisvesting geplaas word.

iv. Diskresionêre plasings: Daar word voorsiening gemaak vir diskresionêre plasings op grond van strategiese oorwegings of uitsonderlike omstandighede. Raadpleeg asseblief bylaag A by die Koshuisplasingsriglyne.

## 5. Hoe werk die koshuisplasingsproses?

**Stap 1: Bepaling van teikens**

a. Om te sorg dat die doelwitte en oogmerke van die Koshuisplasingsbeleid (in onderskeidelik paragraaf 2 en 5) bereik word, en ooreenkomstig die verklaarde beleidsbeginsels (paragraaf 6), oorweeg die Rektoraat elke jaar die demografiese profiel van die kwalifiserende koshuisaansoekerpoel en bepaal teikens vir die persentasie nuwelingeerstejaarplasings in die volgende kategorieë:

   i. Aansoekers wat bo 'n bepaalde akademiese vlak presteer.

   ii. Aansoekers wat tot die bruin, swart Afrikaan-, Indiër- of Asiërgroepe behoort.

   iii. Aansoekers met 'n SES-telling bo 'n bepaalde vlak en/of wat 'n beurs op grond van finansiële behoefte ontvang, soos NSFAS.

   iv. Internasionale aansoekers.

b. Aangesien die teikens eers goedgekeur kan word teen die einde van die aansoeksiklus wanneer die Universiteit die demografiese profiel van die kwalifiserende poel kan vasstel, is die aanvanklike proses om koshuisplek aan te bied gegrond op die vorige jaar se teikens en kwalifiserende aansoekerpoel. Sodra die nuwe teikens bepaal is, word finale aanbiedinge gemaak om te sorg dat die teikens bereik word. Teikens is ook van toepassing wanneer aanbiedinge aan kandidate op die waglys gemaak word.

c. Sodra die teikens bepaal is, word dit by die tersaaklike oorsigbestuurstrukture aangemeld en in die bestuursriglyne gepubliseer.

**Stap 2: Aanbod van 'n koshuisplek**

a. 'n Aanbod van 'n koshuisplek kan slegs gemaak word aan aansoekers wat om koshuisplek aansoek gedoen en 'n akademiese aanbod ontvang het.

b. 'n Aanvaardingsbedrag word vereis indien aansoekers die aanbod wil aanvaar en hulle koshuisplek wil reserveer. Raadpleeg asseblief stap 3 hieronder.

c. Die volgende kriteria word gelyktydig ooreenkomstig die vasgestelde teikens oorweeg:

   i. Akademiese prestasie

   ii. SES en/of beurs op grond van finansiële behoefte

   iii. Ras (bruin, swart Afrikaan, Indiër, Asiër of wit)

   iv. Nasionaliteit (Suid-Afrikaanse burger of internasionale student)

d. Omdat plekke beperk is, word akademiese prestasie gebruik om aansoekers in die verskillende kategorieë te rangskik.

e. ’n Aanbod vir koshuisplek word ook gemaak aan aansoekers wat op grond van gestremdheid daarvoor in aanmerking kom, of wat vir ’n spesiale plasing kwalifiseer.

**Stap 3: Betaling van die aanvaardingsbedrag**

a. Aansoekers sal ’n aanbodbrief ontvang wat hulle sal vra om teen ’n bepaalde datum ’n aanvaardingsbedrag van R5 100 te betaal. Die bedrag sal as ’n krediet op die aansoeker se studenterekening verskyn.

b. Die betaling van die aanvaardingsbedrag bevestig die aansoeker se aanvaarding van die koshuisplek, die bepalings van die Koshuisplasingsbeleid, die bestuursriglyne, sowel as die bepalings en voorwaardes wat saam met die aanbodbrief aan die aansoeker gestuur is (en wat ook op www.maties.com verskyn).

c. Indien die aanvaardingsbedrag nie teen die sperdatum ontvang word nie, word die aansoeker se aansoek om koshuisplek gekanselleer.

d. Internasionale aansoekers:

   i. US Internasionaal beskou die koshuisaanvaardingsbedrag van R5 100 as deel van die verpligte eerste paaiement op koshuisfooie. Die volle eerste paaiement op koshuisfooie van R25 000 en ’n etekwota van R15 000 is gedurende óf voor registrasie betaalbaar.

   ii. Sodra die verpligte koshuisaanvaardingsbedrag op die aansoeker se rekening verskyn en die aansoeker by ’n bepaalde koshuis ingedeel is, kan die aansoeker vir visumdoeleindes ’n skriftelike bevestiging van huisvesting by interhouse@sun.ac.za aanvra.

   iii. Vir verdere inligting oor fooie vir internasionale aansoekers, gaan gerus na www.sun.ac.za/international > International students > Fees.

e. Finansiële behoefte:

   i. Op grond van die sosio-ekonomiese inligting wat aansoekers in hulle programaansoeke by die Universiteit Stellenbosch verstrek, kan die aanvaardingsbedrag kwytgeskeld word, of kan aansoekers gevra word om binne 30 kalenderdae (5 kalenderdae vir koshuise op Tygerberg-kampus) ’n verlaagde aanvaardingsbedrag van R500 te betaal om hulle plek in die koshuis te reserveer.

   ii. Om op grond van finansiële behoefte vir vrystelling van die aanvaardingsbedrag oorweeg te word, kan aansoekers ’n motivering met stawende dokumente e-pos na info@sun.ac.za en dit vir die aandag van die Studente-Akkommodasie Kantoor merk.

f. Besonderhede vir die betaling van die aanvaardingsbedrag:

   i. Gebruik asseblief jou aansoek-ID of US-studentenommer (eerste agt syfers) as ’n verwysing, en e-pos ’n betaalbewys na studentaccounts@sun.ac.za. Sluit asseblief die volgende by die onderwerpreël van jou e-pos in: ‘Koshuisaanvaardingsbedrag betaal’.

ii. Die US is besig om na kontantlose betalings oor te skakel. Betaal asseblief die aanvaardingsbedrag op een van die volgende twee maniere:
Opsie 1: Betaal direk op die SUNStudent-portaal wanneer jy die koshuisaanbod aanvaar.
OF

Opsie 2: Maak 'n aanlyn betaling (elektroniese oorplasing of kredietkaart) op die US-webtuiste (www.maties.com). Volg die onderstaande riglyne om aanlyn te betaal:
- Gaan na www.maties.com.
- Klik op 'Gelde'.
- Kies 'Aanlyn betaling van studentegeld'.
- Volg die instruksies en betaal per kredietkaart of elektroniese oorplasing.

iii. Vir verdere inligting oor betalings, kontak Studentegelde by studentaccounts@sun.ac.za of 021 808 3530.

**Stap 4: Indeling by spesifieke koshuise**

a. Sodra die eerste ronde van aanbiedinge afgehandel is en aansoekers hulle koshuisaanbiedinge aanvaar het, begin die proses om aansoekers by spesifieke koshuise in te deel.

b. Dít gebeur gewoonlik teen die **einde van September**. Die koshuis waarin die aansoeker geplaas word, sal op die aansoekerportaal by https://student.sun.ac.za/ verskyn, en sal ook in 'n brief bevestig word.

c. In pas met die doel van die Koshuisplasingsbeleid, word koshuisindelings so gedoen dat dit geleenthede skep vir die versterking van sosiale samehang deur diversiteit. Die diversiteitsprofiel in koshuise sal dus saamgestel word op grond van:

   i. akademiese prestasie;

   ii. SES en/of beurs op grond van finansiële behoefte;

   iii. ras (bruin, swart Afrikaan, Indiër, Asiër of wit); en

   iv. nasionaliteit (Suid-Afrikaanse burger of internasionale student).

d. So ver dit redelikerwys moontlik is, sal **aansoekers met gestremdhede** wat vir plasing in aanmerking kom, ingedeel word by 'n koshuis wat aan hulle spesifieke behoeftes kan voorsien.

e. **Die US neem geslagsidentiteit in ag**, soos dit op die student se aansoek aangedui word, om kwalifiserende studente by koshuise in te deel. As 'n opsie vir nie-binêre studente, bied gemengde koshuise 'n ruimte vir alle geslagte.

f. Die goedgekeurde teikens word deurgaans in die finale indelingsproses gebruik om besluite oor indeling te rig, waaronder die toekenning van koshuisplek aan kandidate op die waglys.

g. Dit is belangrik om op die volgende punte oor indeling by 'n Universiteitskoshuis te let:

   i. Koshuisplek is beperk; daarom kan die Universiteit nie waarborg dat studente sal plek kry in 'n koshuis van hulle keuse óf in enige ander koshuis nie.

   ii. Op grond van die beginsels van die Koshuisplasingsbeleid om 'n eweredige verspreiding van studente uit diverse omstandighede in alle koshuise te verseker, sal geen oorplasings tussen koshuise toegelaat word nie.

iii. Indien jy by 'n spesifieke koshuis ingedeel is, maar vir 'n ander koshuis oorweeg wil word, moet jy jou toegekende koshuisplek kanselleer en op die November-waglys registreer. Let asseblief daarop dat daar **geen waarborg** bestaan dat 'n plek in jou voorkeurkoshuis beskikbaar sal wees nie, want alle diversiteitskategorieë sal steeds voorrang kry (raadpleeg paragraaf 3.2.4.3 in die koshuisbestuursriglyne).

iv. Die Universiteit behandel alle aansoekers dieselfde, ongeag of hulle ouers ook by die Universiteit Stellenbosch studeer het of nie, en bied nie voorkeurbehandeling op grond van alumnistatus nie.

v. Aangesien ons verskeie plasingskategorieë gebruik, kan dit gebeur dat aansoekers met laer punte voor diegene met hoër punte geplaas word.

vi. Daar is GEEN enkelkamers beskikbaar vir eerstejaars nie, buiten in Majuba, Metanoia en Khayalethu.

vii. Alle koshuisplasings is voorwaardelik. 'n Koshuisplasing waarborg nie toelating tot die Universiteit nie. Indien 'n aansoeker byvoorbeeld nie aan die einde van graad 12 aan die Universiteit se toelatingsvereistes voldoen nie, val enige aanbod van 'n koshuisplek dadelik weg.

h. Neem ook kennis van die volgende belangrike datums:

i. Intrekdatums: Indien jy nie by die koshuis opdaag op die vasgestelde datum wat die Studente-Akkommodasie Kantoor jou gee nie, sal jou koshuisplek gekanselleer word.

ii. Registrasiesperdatums: Indien jy nie teen die einde van Februarie geregistreer is nie, sal jou koshuisplek gekanselleer word. Kontak asseblief die Studente-Akkommodasie Kantoor by studentaccomm@sun.ac.za om hulle in kennis te stel van enige spesiale omstandighede wat oorweeg behoort te word.

## 6. Wanneer sal ek weet of ek koshuisplek het?

a. Die toekenningsproses vir Stellenbosch-kampus sal teen **31 Oktober** klaar wees. Indien 'n aansoeker teen 31 Oktober nog nie 'n aanbod of 'n bevestigde koshuisplek ontvang het nie, beteken dit dat die aansoek om koshuisplek onsuksesvol was.

b. Die Universiteit sal teen die begin van November aansoekers se koshuisplasingstatus met hulle bevestig. Indien onsuksesvolle aansoekers dan steeds vir 'n koshuisplek op Stellenbosch-kampus oorweeg wil word, kan hulle vanaf **1 November** op die elektroniese koshuiswaglys by https://student.sun.ac.za/ registreer of na www.maties.com ('Privaat verblyf') gaan om privaat verblyf te bekom.

c. Indien 'n aansoeker in enige stadium nié meer in 'n koshuisplek belang stel nie, moet die plek gekanselleer word deur 'n e-pos te stuur na rescancellations@sun.ac.za.

## 7. Wat is my opsies as ek nié koshuisplek kry nie?

a. Alle studente wat nié plek in 'n Universiteitskoshuis kry nie, word by 'n PSG ingedeel. PSG staan vir 'Pendelstudentegemeenskap'. So 'n gemeenskap maak voorsiening vir studente wat nie in die koshuis woon nie, en bied 'n soortgelyke sosiale struktuur as wat koshuisstudente geniet.

b. PSG's **VOORSIEN NIE** verblyf nie – dit is studente se verantwoordelikheid om geskikte privaat verblyf te kry.

c. Studente wat in geakkrediteerde privaat verblyf woon, maak steeds deel uit van die betrokke PSG.

d. Die US het 11 PSG's, naamlik Oude Molen, Pieke en Vesta (gemeenskappe vir slegs mans), Aristea, Equité, Silene en Venustia (gemeenskappe vir slegs vroue), en Aurora, Capri, Olympus en Osler (gemengde gemeenskappe; Osler is op Tygerberg-kampus).

e. Hierdie gemeenskappe word deur PSG-koördineerders bestuur.

f. Alle privaat studente is onderworpe aan die reëls en regulasies van sowel die Universiteit as die privaat gemeenskap waartoe hulle behoort.

g. Ingevolge 'n Raadsbesluit is alle privaat studente verplig om by 'n PSG aan te sluit en PSG-ledegeld te betaal.

h. Ter wille van diversiteit en sterker sosiale samehang, word indeling by PSG's gegrond op dieselfde kriteria as wat vir eerstejaars se plasing in studentehuisvesting gebruik word.

i. PSG-studente wat gedurende hulle junior jare 'n koshuisplek bekom, sal by die toepaslike nuwe kluster heringedeel word.

j. Studente wat uit die koshuis na privaat verblyf oorskuif, word by die PSG van hulle voormalige koshuiskluster ingesluit.

## 8. Hoe kan ek privaat verblyf kry?

a. Om te sorg dat privaat studente toegang het tot huisvesting van 'n goeie standaard, word privaat verblyf deur die Universiteit geakkrediteer.

b. Akkreditasie behels die regulering van privaat studenteverblyf buite die kampusse van Suid-Afrikaanse universiteite ingevolge die Beleid oor Minimum Norme en Standaarde vir Studenteverblyf by Openbare Universiteite, wat in September 2025 uitgevaardig is. Daardie beleid bepaal dat universiteite privaat verblyf buite die kampus volgens elke universiteit se eie standaarde moet gradeer en differensieer.

c. In dié verband dui die Riglyne vir die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding se Beursskema vir Studente by Openbare Universiteite (2019 en 2021) aan dat studente wat in

Stellenbosch UNIVERSITY IYUNIVESITHI UNIVERSITEIT

privaat huurverblyf woon, slegs vir 'n verblyftoelaag in aanmerking kan kom indien hulle in universiteitsgeakkrediteerde verblyf tuisgaan.

d. Akkreditasie word gedoen deur die US se **Privaatakkommodasiekantoor** in die Sentrum vir Aansoeke, Studenteakkommodasie en Kliëntedienste. Die Sentrum val onder die Registrateursafdeling.
e. Die US se lys geakkrediteerde privaat verblyfplekke verskyn op die Universiteit se webtuiste: https://www.sun.ac.za/afrikaans/maties/huisvesting/privaat-huisvesting.
f. Dit bly studente se verantwoordelikheid om seker te maak dat hulle die inhoud van die huurkontrak, die verblyfkoste en hulle kontraktuele verpligtinge as huurders verstaan. Die huurkontrak is tussen die student en die verhuurder. Die US is nie deel van die ooreenkoms nie, en sal dus nie kan betrokke raak by sake wat met die kontrak tussen die verhuurder en die student verband hou nie.
g. Die Privaatakkommodasiekantoor doen nie studenteplasings in privaat verblyf nie. Dit bly die student se verantwoordelikheid om self geskikte privaat verblyf buite die kampus te beveilig.
h. Aansoeke om akkreditasie open op 1 September met die oog op die volgende jaar. Die **Universiteit Stellenbosch se Riglyne vir die Akkreditasie van Privaat Studentehuisvesting Buite Kampus** is hier te kry: https://www.sun.ac.za/afrikaans/maties/huisvesting/privaat-huisvesting.

## 9. Hoe werk die waglys?

**November-waglys vir aansoekers**

a. Enige aansoeker wat aan die einde van Oktober, nadat koshuisindelings gedoen is, steeds na koshuisplek soek, kan vanaf 1 November op die elektroniese koshuiswaglys by https://student.sun.ac.za registreer. Die waglys bly oop totdat registrasie vir eerstejaars in Januarie van die nuwe akademiese jaar begin.

b. Let asseblief op die volgende:

   i. Kandidate op die waglys word volgens dieselfde plasingskategorieë as ander aansoekers by koshuise ingedeel. Daarom is dit moontlik dat aansoekers laer af op die waglys kan plek kry voor aansoekers hoër op die lys indien hulle in 'n bepaalde kategorie val.
   ii. Ingevolge die Koshuisplasingsbeleid sal aansoekers op die waglys wat op grond van finansiële behoefte finansiering ontvang, voorrang kry. Afstand saam met uitsonderlike persoonlike omstandighede sal ook in ag geneem word wanneer finansieel behoeftige aansoekers op die waglys geprioritiseer word.
   iii. Die aansoekerwaglys sal aanhoudend verander namate verdere kandidate registreer.
   iv. Wat akademiese prestasie betref, sal matriekuitslae as kriterium gebruik word sodra die Universiteit die uitslae ontvang en geverifieer het.
   v. Hou asseblief in gedagte dat plek in jou voorkeurkoshuis óf in enige ander koshuis in hierdie laat stadium uiters beperk is. Daarom word jy ten sterkste aangeraai om privaat

verblyfopsies te ondersoek. Gaan na www.maties.com ('Privaat verblyf') vir verdere inligting oor privaat verblyf.

**Januarie-waglys vir geregistreerde eerstejaars**

a. 'n Waglys vir alle geregistreerde studente sal beskikbaar gemaak word **teen die middel van Januarie**, wanneer aanlyn registrasie vir eerstejaars begin. Sodra jy vir jou akademiese program ingeskryf het, kan jy op hierdie waglys vir geregistreerde studente registreer. Gaan na https://student.sun.ac.za/> "services and communities" > "student accommodation" > "apply for waiting list".
b. In hierdie laat stadium is daar ongelukkig geen waarborg dat studente 'n plek in hulle voorkeurkoshuis óf in enige ander koshuis sal ontvang nie.
c. Wat akademiese prestasie betref, sal die Universiteit studente se uitslae in die graad 12-eindeksamen hierop in ag neem.
d. Studente se plek op die waglys sal aanhou verander namate verdere kandidate registreer en ander weer kanselleer.
e. **Dieselfde plasingskriteria is steeds van toepassing:**
    i. Ingevolge die Koshuisplasingsbeleid sal aansoekers op die waglys wat op grond van finansiële behoefte finansiering ontvang, voorrang kry.
    ii. Afstand saam met uitsonderlike persoonlike omstandighede sal ook in ag geneem word wanneer finansieel behoeftige aansoekers op die waglys geprioritiseer word. Dít beteken dat 'n student met 'n laer graad 12-gemiddelde of wat eers op 'n later stadium op die waglys geregistreer het, voor 'n student met 'n hoër akademiese gemiddelde geplaas kan word. Hou ook in gedagte dat 'n student se plek op die waglys aanhoudend sal verander namate verdere kandidate registreer.
    iii. Die Studente-Akkommodasie Kantoor sal studente telefonies en/of per e-pos met 'n koshuisaanbod kontak. Indien studente nie binne die aangeduide tyd reageer nie, sal hulle vir die volgende beskikbare plek geprioritiseer word indien hulle nog koshuisplek wil hê, en behou hulle dus hulle plek op die waglys na gelang van hulle akademiese prestasie.

## 10. Wat moet ek doen om my koshuisplek te kanselleer?

a. Die Universiteit aanvaar slegs 'n koshuiskansellasie as dit skriftelik ingedien word. Stuur daarom asseblief 'n kennisgewing van kansellasie na rescancellations@sun.ac.za, en onthou om jou aansoek- of studentenommer en die rede vir jou kansellasie in te sluit.
b. As jy nié so 'n kennisgewing indien nie, sal jy ongelukkig nie vir enige moontlike terugbetaling van die aanvaardingsbedrag in aanmerking kom nie.
c. Die Universiteit sal die ontvangsdatum van jou skriftelike kennisgewing as die amptelike datum vir die berekening van enige verskuldigde bedrae gebruik.

d. In geval van die kansellasie van 'n koshuisplek, sal die aanvaardingsbedrag soos volg hanteer word:
   i. Indien jy voor of op 31 Oktober kanselleer, sal die Universiteit die volle aanvaardingsbedrag terugbetaal.
   ii. Indien jy ná 31 Oktober kanselleer, sal die Universiteit 'n kansellasiefooi van R900 hef.
   iii. Indien jy later as 'n week ná die vrystelling van die NSS-uitslae aan die begin van die registrasiejaar kanselleer, sal jy ongelukkig die volle aanvaardingsbedrag verbeur.
   iv. Indien jy nog nie opgedaag het teen die tyd wat die Verwelkomingsprogram begin nie, sal die Universiteit jou koshuisplek kanselleer, en sal jy die volle aanvaardingsbedrag verbeur.
   v. Indien jy nie tot jou studieprogram toegelaat word nie, of weens omstandighede buite jou beheer nié die koshuisplek kan gebruik waarvoor jy reeds die vereiste aanvaardingsbedrag betaal het nie, kan jy skriftelik om terugbetaling aansoek doen. Rig 'n volledige motiveringsbrief aan die Studente-Akkommodasie Kantoor en stuur dit na rescancellations@sun.ac.za.
   vi. Hou egter in gedagte dat die besluit om enige geld terug te betaal uiteindelik by die Universiteit berus.
   vii. Indien jy ná die aanvang van die akademiese jaar kanselleer (of nie betyds opdaag nie), sal jy aanspreeklik wees vir 'n kansellasiefooi ooreenkomstig die reëls oor die kansellasie van koshuisplek. Indien 'n plaasvervanger aangewys en die kansellasiefooi kwytgeskeld word, sal jy steeds vir die huisvestingsgeld verantwoordelik wees totdat die plaasvervanger by die koshuis intrek.

## 11. Waar kan ek meer uitvind?

a. Vir die volledige beleid en bestuursriglyne oor plasing in studentehuisvesting en indeling by Pendelstudentegemeenskappe en klusters, klik op die skakel 'Verblyf' op die webtuiste vir voornemende studente, www.maties.com.
b. Jy is ook welkom om enige vrae na studentaccomm@sun.ac.za te stuur.

**STUDENTEHUISVESTINGSKANTOOR**

**FEBRUARIE 2025**